

**Vrydag 9 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:18-25**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:18-23**

## In die voetspore van Jesus

Die goue draad wat deur hierdie hoofstuk loop, lê opgesluit in die woorde van die tema hierbo: "In die voetspore van Jesus." Tree in alle opsigte op soos wat Jesus opgetree het. Hy is ons rolmodel. Soos wat Hy gehoorsaam was aan die wil van sy Vader, moet ons gehoorsaam wees aan Hom, selfs onder die moeilikste omstandighede wat op ons lewenspad mag kom. Vra altyd na die wil van die Here. Hy het nooit leuens vertel nie (vs 22), Hy het niemand beledig nie, selfs nie toe Hy beledig is nie (vs 23), Hy het niemand gedreig toe Hy lyding verduur het nie (vs 23). Hy het alles oorgelaat aan sy hemelse Vader wat regverdig oordeel.

Petrus pas hierdie beginsel toe op diensknegte (bediendes/slawe). Onderwerp julle aan julle werkgewers, al is hulle soms onredelik en al moet julle by tye onverdiende lyding verduur, omdat julle bo alles aan God getrou wil wees. Die oproep is: As God se kinders op aarde moet ons anders lewe as die sondige wêreld rondom ons. Ons moet wandel in die voetspore van Jesus. Soos wat Hy ter wille van ons onverdiende lyding verduur het, moet ons in gehoorsaamheid aan Hom bereid wees om dieselfde te doen. Deur sy onverdiende wonde (lyding) aan die kruis het daar vir ons genesing gekom. As onskuldige moes Hy vir al ons sondes betaal.

Wandel in die voetspore van Jesus! Alleen so kan ons hoop in 'n hooplose wêreld bring!

*Sing: Skrifberyming 14-1:3*

*Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)*